

Die voller figuur kan
stylvol in dié vleierende
oorhemp lyk

Sag en sensueel



Mate

Die patroon hang los om die lyf en is geskik vir groottes 14, 16 en 18. Voltooi hemp is 163 cm wyd aan die onderste soom vir grootte 14; 168 cm wyd vir grootte 16 en 173 cm wyd vir grootte 18. Die voltooi hemp is, van nek tot onderste soom, 99 cm lank vir grootte 14; 99,5 cm lank vir grootte 16 en 100 cm lank vir grootte 18.

Benodigdhede

- Chiffon of georgette (3,2 m x 115 cm of 2,7 m x 150 cm)
- Bypassende gare
- Liniaal
- Koerantpapier, met kleefband aanmekaar geplak
- Viltpen

Let wel: Die patroon is nie geskik vir diagonale ontwerpe nie. Laat ekstra materiaal vir streepmateriaal toe. Pas patroon presies op strepe.

Maak só

1. Trek blokke van 10 x 10 cm op koerantpapier en trek patroon af. Of vergroot patroon 200% met behulp van 'n fotostaatmasjien en vergroot dan dié vergroting nog twee keer met 200% sodat elke blokkie 2 cm groot is.
2. Knip die patroon uit, lê die patrone op materiaal (1,5 cm-naattoelating ingesluit). Steek vas met spelde en knip uit.
3. Stik voorpante se kant-, onder-, opening- en nekrande tussen groot en klein kol 1,3 cm van die rand.
4. Draai voorpante na buite (regte kante bo) en pars voorste opening- en nekrande op die stiklyn om en knip rand naby stiklyn weg. Rol soom van voorste opening- en nekrand om, verminder na niks tot by klein kol en stik vas.
5. Draai voorpante na binne (verkeerde kant bo) en pars kant- en onderrande op die stiklyn om en knip rand naby stiklyn weg. Rol soom

van voorste opening- en nekrand om, verminder na niks tot by klein kol en stik vas.


6. Stik agterpant se kant- en onderrand asook nekrand tussen groot kolle 1,3 cm van die rand.

7. Pars agterpant (verkeerde kant bo) se kant-, onderste- en nekrand op die stiklyn om en knip rand naby aan stiklyn weg. Rol soom om van kant-, onder- en nekrand, verminder na niks tot by groot kolle, en stik vas.

8. Stik voor- en agterpante se skouers in Franse some aan mekaar en eindig teen klein kolle.

Franse some word soos volg gestik: Stik verkeerde kante 3 mm vanaf soomlyn binne naattoelating teen mekaar en knip soom naby aan stiklyn weg. Met regte kante op mekaar, pars al langs soompie oop en stik dan op soomlyn om rafelrande te omvou. Pars some na agterpant.

9. Stik voor- en agterpante se synate in Franse some aan mekaar en eindig teen groot kolle. Pars some na agterpant.



10. Stik moukante in Franse some aan mekaar en pars some na agter. Stik onderkant van moue 1,3 cm van rand. Draai onderkant van mou na binne (verkeerde kant bo) en pars op die stiklyn om en knip rand naby stiklyn weg. Rol soom om en stik vas.

11. Steek mou in armholte (verkeerde kante op mekaar) vas deur groot kol teen skouersoom te plaas. Stik 3 mm van soomlyn binne naat-toelating en knip soom naby aan stiklyn weg. Met regte kante op mekaar, pars al langs soompie oop en stik dan op soomlyn - om so-doende rafelrande te omvou. Pars some na moupant. □